IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I.1.17 VOL. 129 PG. 6445-6457.

SAAKNOMMER: CC 482/85 DELMAS

1986-08-13 en 14

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN
ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL
PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

129

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 129

(Bladsye 6 445 - 6 457)

MNR. FICK : U Edele, ek het opdrag om die Hof mee te deel dat die erkennings ten aansien van die tegniese opnames getik is. Dit is vir die verdediging gegee. Die verdediging sal mettertyd na ons toe terugkom en sê wat daar verander moet word. Die volgende getuie wat die Staat dan sal lei is Maria Lilah Kunene. Sy getuig oor paragraaf 77 sub-paragraaf 15 sub-paragraaf 2 bladsy 359 van die akte. Dit is die moord op raadslid Chakane.

MARIA LILAH KUNENE, v.o.e. (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is woonagtig te 19131 Gebied 14 Sebokeng? -- Ja.

U is bekend met die familie van raadslid Jacob Chakane wat oorlede is? -- Ja.

Die oorledene se weduwee en u is vriendinne? -- Ja.

U huis in Sebokeng is geleë ongeveer regoor dié van die oorlede raadslid Chakane, maar in die volgende blok? -- Dit is reg.

HOF : Beteken dit dat u huis aan een straat front en dat 'n blok verder aan die volgende straat, maar ongeveer in dieselfde posisie in die blok die huis van die Chakane's gefront het? -- Ja.

MNR. FICK : Op 2 September 1984 ongeveer 21h00 was u by u huis? -- Ja.

Die oorlede raadslid se vrou en haar drie kinders het by u huis aangekom? -- Ja.

Het sy kom kuier of wat het sy daar kom maak? -- Sy het kom vra om die nag daar by my deur te bring.

Saam met haar kinders? -- Ja.

Het hulle die nag by u deurgebring, sy en haar kinders? -- Ja, sy het.

HOF : Was sy bang dat sy daar by u kom slaap het? -- Dit is

... / wat

wat sy aan my gesê het, dat sy bang is.

MNR. FICK : Die volgende dag, 3 September 1984 08h00 die oggend was u by u huis? -- Ja.

Die kinders van die oorledene, was ook nog daar by u huis? -- Ja.

Die oorledene het toe self daar by u huis aangekom die volgende oggend? -- Ja.

Kan u vir die Hof sê ongeveer hoe laat hy daar aangekom het? -- Om 07h00.

Wat het hy daar kom maak? -- Hy het sy kinders daar kom haal sodat die kinders skool toe kon gaan.

Is hy met al drie kinders daar weg? -- Ja, hy is met al drie kinders weg, maar die dogtertjie het teruggekom.

HOF : Het die dogtertjie dadelik teruggekom of heelwat later? -- Dit was nie lank nie, om en by 08h00 was die dogtertjie terug.

MNR. FICK : Later die oggend, ongeveer 09h00 was u steeds by u huis? -- Ja, ek was.

Wat het u gehoor en gesien? -- Ek het 'n geraas gehoor vanaf die rigting van die winkels.

Net ter inligting, die winkels is nie in dieselfde straatblok as waar u huis is nie. Dit is geleë in 'n ander straatblok? -- Ja.

Wat het u gemaak toe u die geraas hoor? -- As gevolg van die geraas is ek toe uit met die oog daarop om ondersoek in te stel wat daar gebeur, hoekom daar 'n geraas was. Met my uitkoms daar het ek my vas teen die traangas geloop.

U sê met die uitkoms daar. Waar was dit waar u in die traangas vasgeloop het? -- Ek is uit my huis uit, uit die erf in die straat in en net toe ek om die hoek gedraai het in die rigting van Mpataletsane het ek in die traangas daar

... / vasgeloop

vasgeloop.

As u vir die Hof sê u het in traangas vasgeloop, het u die goed geruik, het u gesien dat iemand dit gebruik of wat is die posisie? -- Die reuk daarvan.

Het u enigiemand gesien wat die goed gebruik het of besig was om daar op te tree? -- Nee ek het niemand gesien nie.

Voor u omgedraai het en teruggegaan het, het u enigeen van die mense gesien wat u gehoor skreeu het? -- Nee, ek het hulle nie gesien nie.

Is u toe terug in die huis in of net na die erf toe?

HOF : Kan ons net ʼn bietjie duidelikheid kry. Ons het nie gehoor dat mense geskreeu het nie. Die geraas wat u gehoor het, was dit ʼn geraas van mense? -- Van mense, ja.

Wat skreeu of sing? -- Hulle het net ʼn geraas gemaak, maar hulle het nie gesing nie.

MNR. FICK : Is u toe by u huis in of net by die erf in? -- Ek is in die huis in.

Wat het daarna gebeur? -- Ek het weer ʼn geraas gehoor in Chakane se straat.

Hoe lank was dit nadat u die eerste geraas gehoor het en gaan probeer kyk het? -- Omtrent ʼn half uur, want dit was om en by 09h00 toe ek die tweede geraas gehoor het.

Wat het u toe gedoen toe u die tweede geraas gehoor het? -- Ek het in die huis gestaan en deur die venster gekyk en toe uitgegaan om by die hoek van die blok in die straat te gaan staan. Dit is die blok aan my regterkant. Ek kyk toe in die rigting van Chakane se blok in sy straat waar ek ongeveer ʼn klomp mense wat in aantal tweehonderd was gesien het.

Gaan aan? -- Chakane het by sy "front" gestaan en die mense is besig om klippe na hom te gooi.

HOF : Staan hy in sy perseel of staan hy buitekant? -- Aan

... / die

die voorkant van die huis voor die deur op die erf.

Gooi die mense die klippe na hom? -- Ja.

En wat doen hy? -- Ek het toe ŉ geluid van ŉ geweer gehoor en toe weggehardloop.

MNR. FICK : Het u gesien of iemand ŉ vuurwapen by hom gehad het? -- Nee, ek het nie gesien nie.

Waarheen hardloop u toe? -- Ek is terug na my huis toe.

En die geraas, het dit nog steeds aangegaan nadat u na u huis toe is? -- Ja.

Wat het toe gebeur? -- Ek het toe vir Chakane se vrou gesê daar word geskiet, waarop sy toe gesê het dit is Chakane.

Wat gebeur toe? -- Ons het toe daar bly sit. Op ŉ stadium het ek deur die venster gesien dat mense daar besig was om te vlug, party met hulle arms bokant hulle koppe.

As u sê u het gesien die mense vlug, waar het u hulle gesien vlug? Waar was hulle? -- Die mense het van Chakane se straat af gevlug in die ander strate in.

Gaan voort? -- Na dit gebeur het, het ek so ŉ rukkie vertoef in my huis en toe weer uitgegaan, na dieselfde straathoek toe gegaan en gaan kyk. Die mense was toe nie so baie gewees nie. Ek het hom gesien op sy knieë loop, knieë en hande. Hy het by die kombuis ingegaan. Hy was vol bloed.

Wie is hom? -- Chakane.

U sê hy het by die kombuis ingegaan. Van watter huis? -- Van sy huis.

En die ander persone wat u gesien het wat nie so baie was nie, wat het hulle gedoen? -- Van die mense was in die huis gewees en daar was van hulle ook daar buite.

In wie se huis was die mense? -- In Chakane se huis.

En as u sê die ander was buite, was dit op die perseel, in die straat of waar? -- In die straat, ja.

... / Wat

Wat het hulle gedoen? Het hulle enigiets gedoen? -- Van die mense het die huis binnegegaan en van hulle was besig om uit die huis uit te kom.

WAs daar op daardie stadium enige klipgooiery of iets aan die gang? -- Nee, daar was nie meer klipgooiery nie.

Toe u sien die oorledene kruip in sy kombuis in, wat maak u toe? -- Ek het teruggekeer na my huis toe.

Kan u vir die Hof sê op daardie stadium toe u gesien het die oorledene kruip in die kombuis in, was sy huis enigsins beskadig of was alles nog normaal by sy huis? -- Aangaande sy huis, praat u van die mense wat daar was of wat?

Was daar enige skade aan sy huis? Was sy huis gebrand, stukkende ruite? -- Nee, daar was nie skade gewees nie.

U is terug na u huis toe? -- Ja.

U het later gesien 'n ambulans het opgedaag? -- Ja.

Het u weer teruggegaan of probeer hulp verleen by die oorledene na u hom in die kombuis sien inkruip het? -- Nee, ek het nie.

Het u op enige stadium die betrokke dag tot op daardie stadium die polisie opgemerk daar in die omgewing van die oorledene se huis? -- Die polisie het eers daar opgedaag na die ambulans hom weggeneem het.

Op dieselfde dag, 3 September 1984 ongeveer 13h00 het u iets opgemerk daar in die omgewing van Chakane se huis. Wat was dit? -- Ek het deur die venster geloer toe ek rook opgemerk het in die straat van Chakane.

Daar waar u rook gesien het, was dit ongeveer waar Chakane se huis geleë is of was dit op 'n ander plek in die straat? -- Dit was by die huis van Chakane.

Het u op daardie stdium gaan kyk wat daar aangaan? -- Nee.

... / Het

Het u later die dag gaan kyk na Chakane se huis? -- Ja, ek het by dieselfde hoek gaan staan waar ek vroeër gestaan het en daarvandaan het ek gesien dat dit Chakane se huis was wat aan die brand is.

Watter tyd van die dag was dit wat u dit opgemerk het? -- Om en by 13h30.

Was nog steeds aan die brand, besig om te brand? -- Ja.

Kon u enigiemand herken wat die dag hetsy besig was om klippe te gooi of wat u later gesien het by Chakane se huis, in sy huis of in sy erf toe hy in die kombuis ingekruip het? -- Nee, ek het niemand gesien wat aan my bekend was daar nie.

HOF : Was dit omdat dit te ver was of omdat dit onbekende mense was? -- Dit is die distansie. Dit was te ver.

MNR. FICK : Die hoek waarheen u elke keer gegaan het van u huis af, hoe ver is dit ongeveer? Die hoeveelste huis is u huis van die hoek af? -- Ek gaan nie 'n huis verby nie. Van my huis af gaan ek net oorkant die straat en dan gaan ek staan tussen twee huise wat dan in die straat is wat lei na Chakane toe.

HOF : So, u gaan nie werklik na die hoek toe nie? -- Nee.

MNR. FICK : Dan wil ek u vra in verband met 'n organisasie met die naam van Vaal Civic Association? Weet u van so 'n organisasie?-- Nee, daar is niks wat ek van weet nie.

HOF : Het jy ooit van hulle gehoor? -- Ek het eers later daarvan gehoor.

Na hierdie dag? -- Ja.

MNR. FICK : Het u enige pamflette of boeke of plakkate gesien wat die betrokke dag van 3 September 1984 propageer as 'n dag waarop die mense moet wegbly van die werk af? -- Daar is een wat die Sondag daar teenwoordig was en dit het nie

... / of

of dit was nie bekend gemaak waarvandaan hierdie papier kom nie. Al wat die papier sê is dat ons die huurgelde gaan bespreek.

HOF : Watter Sondag was dit? -- Dit is die Sondag net voor die Maandag.

Dit is nou die Maandag waarop hierdie dinge gebeur het? -- Ja.

En het hy gesê dat daar 'n vergadering sal wees? -- Dit het gesê daar gaan 'n vergadering gehou word.

MNR. FICK : Kan u onthou waar die pamflet gesê het die vergadering gehou gaan word? By watter plek? -- Hulle het gesê te Mpataletsane.

HOF : Op watter dag? -- Die Maandag.

MNR. FICK : Die naam wat u noem, is dit 'n saal se naam of 'n plek se naam? -- Dit is 'n saal se naam.

Is dit 'n gemeenskapsaal wat aan die Gemeenskapsraad behoort of wat se saal is dit nou? -- Dit was 'n Gemeenskapsraad-saal.

HOF : In watter wyk is hy? -- Zone 14.

MNR. FICK : Was daar op die plakkaat of die dokument wat u gesien het enige naam ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Kan ons eers duidelikheid kry. U het drie dinge genoem, 'n pamflet, boeke en plakkate. Wat was dit? 'n Pamflet of 'n plakkaat? -- Dit was so 'n klein papiertjie. (Getuie dui grootte van papiertjie aan)

So 'n strooibiljet? -- Ja.

MNR. FICK : Waar het u die ding gesien? Is hy by u huis afgelewer, het u dit in die straat gesien of waar het u dit gesien? -- Toe ons die oggend opgestaan het, was die papiere in ons erwe gewees.

Die betrokke biljet, het hy enige name bevat van mense

wat enige toesprake gaan hou? -- Nee.

U het reeds vir die Hof gesê daar staan nie wie hom uitgereik het nie? -- Dit is korrek, ja.

MR BIZOS : My Lord, we are in possession of a couple of documents. We did not know that this witness was coming. The names are not given to us. I am in Your Lordship's hands. It is possible that I can go through. We are trying to do it whilst the evidence is being given.

COURT : Would you like five or ten minutes?

MR BIZOS : I am in Your Lordship's hands. Either five or ten minutes or possibly an adjournment until tomorrow. It may be that we are keeping Your Lordship here unnecessarily. This witness has given evidence before and her record has just been made available to us and we would like to go through it. And also a statement which was handed in by the prosecutor at that trial and I would really like to go through it.

WITNESS STANDS DOWN.

COURT ADJOURNS UNTIL 14 AUGUST 1986.

K405 COURT RESUMES ON 14 AUGUST 1986.

MARIA LILAH KUNENE, still under oath

CROSS-EXAMINATION BY MR TIP : Mrs Kunene, you made mention yesterday of a pamphlet that you had seen on the Sunday before these events that you described at Chakane's house? -- Yes.

And that was one that advertised a meeting that had to be held on that Monday at the community hall in Zone 14?-- This did not make mention of the venue as to where this meeting was to be held. All what was said was that a meeting is going to be held in order to discuss the rent issue.

Did you not yesterday when My Learned Friend asked you where would the meeting be held make mention of

... / Mpataletsane

Mpataletsane? -- From the noise which was made by these people coming down I interferred that they were getting to Mpataletsane.

So, your evidence yesterday was really what you heard on the Monday morning. Is that what you say? -- Yes.

And if your evidence suggested that the venue was given, would that be an incorrect understanding?

COURT : So she has already said. It did not mention the venue. Do not repeat it.

MR TIP : Did you see any pamphlets on the Sunday, 2 September? -- I saw the other pamphlets on Monday morning which were saying people must go to work.

COURT : Must or must not? -- Must go to work.

MR TIP : Did it say anything about school children? -- Yes, what was said there was that the children must also go to school.

COURT : Who issued these pamphlets? -- They were also not written as to from where these pamphlets came from.

MR TIP : The Sunday itself, 2 September, what was the general condition like in the area around your house? -- It was quiet, normal like all the other days.

Perfectly calm? --- Yes.

On 3 September, that is the Monday morning, I want to turn to, you say that you heard a large sound of people which attracted you to the shopping centre in Zone 14? -- Yes.

Can you remember at what time you heard that noise? -- At about 08h00.

And you yourself went towards the shopping centre to have alook. Is that correct? -- That is correct.

And did it appear to you that there was a very large group of people there at the shopping centre? -- I did not see

... / the

the large group of people at the shopping centre. Just when I went around the corner I felt that I was being affected by the teargas.

Was the teargas coming from the direction of the shopping centre? -- Yes.

And that is the direction from which you had heard the large sounds that attracted your attention? -- Yes.

I would like to clarify with you the location exactly of your house and the house of the late Mr Chakane. Your house faces north, does it? -- Yes.

And then slightly to the right of your house, as you are looking towards the north there is a street that leads into the street in which the late Mr Chakane's house is? -- Yes, that is true.

And is it correct that Chakane's house faces south towards your house on the far side of the other street? -- Yes.

When you stand on the corner of the interleading street and the street in which Mr Chakane's house is, is that the corner to which you referred yesterday from which you observed the events? -- That is true. The corner I am referring to is the corner of the street which is indicated to be on the right of the front of my house leading into Chakane's direction.

And from that corner how many houses down is the late Mr Chakane's house?

COURT : Could we just get clarity. I understood the witness to day that the teargas affected her on that particular corner, but I also understood her to say that at a later stage she did not go to the corner but looked in the direction of Chakane's house between two other houses without going to the corner. Which events are you talking of?

MR TIP : Perhaps we ought to clarify on which corner she was

affected by teargas. Mrs Kunene, I asked you earlier about the teargas that affected you that morning that came from the direction of the shopping centre.

COURT : Could I just get some clarity. Where are we going? Is it disputed that this man was attacked and attacked in the way that this witness described?

MR TIP : There are certain aspects of the description which we are trying really to supplement for the Court's benefit.-

COURT : Well, why do you not just put it to her? Why are we so interested in where the corner is?

MR TIP : I will be asking the witness about it.

COURT : Yes, I am sure you will be asking her by and by. How important is this evidence in this case? Need we waste half a morning on it?

MR TIP : I can assure Your Lordship we would not be wasting half a morning on it.

COURT : Alright, let us then get on with it.

MR TIP : When you were affected by the teargas, which corner was that? Is that the one that is near your house of is it the one that is closer to the shopping centre? -- It was at the far corner.

Is that the corner to which you will get after you had walked past Mr Chakane's house? -- That is true, after having passed Chakane's house. I was heading for that corner.

And you would walk past Chakane's house in order to get to the shopping centre? -- I am walking in the opposite direction of Chakane's house heading to this corner I was talking about about which I was affected by the tear smoke.

I think you mentioned the time of 09h00 when you heard the noise coming from Chakane's house and you went out to have a look? -- Yes.

... / Did

Did you go directly back into your house when you saw what was happening that there were people throwing stones? -- Yes.

About how much later did you return there and that is at the stage that you saw the late Mr Chakane crawling into his house? -- About an hour.

About how long was it before that time that you saw the people running with their hands over their heads from the direction of Chakane's home? -- I would say it was at about 09h45.

You yourself did not go up to Mr Chakane to see what his condition was? You remained at the corner, did you? -- Yes.

And you yourself are not in a position to tell the Court what his injuries were at that stage? -- I did not see any injuries on him, except that I noticed blood on his head.

Just one or two concluding aspects. The time that you say that you went to see Mr Chakane's house again when there was a fire was at about 13h00 or 13h30? -- Yes.

Can you recall approximately how long before that the ambulance had come to remove Mr Chakane? -- After two hours.

COURT : After two hours from when? -- What I mean is, my estimation is that the ambulance took him away at about 11h00.

MR TIP : The last question I have for you, on the occasion at about 09h00 that you saw Mr Chakane in front of his home and people throwing stones at him, did you see any stone struck him? -- No, I did not.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Geen vrae.

HOF : Mnr. Fick, daar is sekere erkennings gemaak ten aansien van 'n Chikane as ek reg onthou en die akte van

... / beskuldiging

beskuldiging handel ook met ŉ Chikane. Nou word hier getuienis gelei van ŉ Chakane. Is dit dieselfde man?

MNR. FICK : Dit is dieselfde man.

HOF : Hoe moet ek dit weet?

MNR. FICK : Ek het nie geweet hulle gaan die van so spel nie.

HOF : Ons moet duidelikheid daaroor kry òf by wyse van ŉ erkenning òf by wyse van wysiging, ek weet nie, maar dit is doodsondersoek ook op ŉ Chikane gedoen en nie op ŉ Chakane nie.

MR TIP : We can confirm that we certainly understand it to be one and the same person and that the admissions tendered relate to the person in connection with whom this witness testified.

COURT : It is referred to here as Chakane and the indictment has Chikane?

MR TIP : That is correct.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - - -

**DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**


## *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**



## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.


## *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I1-17-129**
*Document Title:-* **Vol 129 p 6445-64S7. Witness: Kunene**